DEEL 114 | WEEK 37 | 16 SEPTEMBER 2022 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# Toekomsplanne vir Pleinstraat

Heilbronners was behoorlik aan die gons toe daar begin is om 'n historiese gebou in Pleinstraat af te breek.

Mnr JC Pretorius, 'n bekende sakeman van Heilbron, het onlangs die gebou gekoop met die plan dat die ontwikkeling daarvan sal bydra tot die positiewe groei van die dorp.

Verskeie instansies en kultuuraktiviste soos Danie Knoetze, Dawie Fourie, Quarta Pretorius en verskeie ander het die proses egter nie goedgekeur nie en hul bekommernisse geopper. Die proses is vir tyd en wyl dadelik gestaak. Alhoewel JC die nodige stappe geneem het om toestemming te kry by die munisipaliteit, was hy nie bewus daarvan dat die munisipaliteit geen mag het om toestemming te gee nie. Hy het 'n petisie deur Jannie Jansen Prokureur in Heilbron laat opstel wat talle inwoners in die gemeenskap onderteken het. Daarmee ondersteun hulle hom in die bou van 'n nuwe struktuur waar 'n PEP Home ten einde gevestig sou word. JC het ook verduidelik dat die rede vir die sloop van die gebou, is as gevolg van 'n groot probleem met vog. "Die gebou is nat en mufferig, 'n yskas," het hy verduidelik. Die grond wat hul destyds gebruik het in die plek van sement is met die tyd uitgekalf. Verskeie besighede het ook in die verlede sonder sukses probeer om 'n bestaan daar te maak en is daar gereeld gesukkel om die gebou verhuur te kry.

Jan-Danie Malan, lid van die FAK, verduidelik dat hy JC gaan sien het en voeg by dat hy als moontlik gedoen het om die regte kanale te volg. Die partye wat wel skuldig is, is die munisipaliteit. Hulle moes die regte permitte van dag een af aan JC gegee het en gesorg het dat die regte prosedures gevolg word. Die Heritage Foundation sal volgende week Dinsdag 'n vergadering hou waarna die toekoms van die gebou bepaal sal word.

Volgens beraming is die gebou ongeveer 140 jaar oud. Heilbron Herald plaas in volgende week se koerant 'n stukkie oor die geskiedenis van die gebou.




*Op die foto: JC Pretorius langs die oorblywende historiese gebou*








# Uit die pen: Week 37 van 2022

Die goeie man sien op 'n goeie dag 'n advertensie vir 'n bevorderingspos waar hy in daardie tyd gewerk het. Wel, dit sal seker nie skade doen om te probeer nie, dink hy. Alhoewel sy geslag, etnisitiet en ouderdom heel moontlik teen hom sou tel. Die aansoek word ingestuur en min of meer vergeet.

'n Paar dae later loop hy weer 'n advertensie raak vir 'n beter pos by 'n soortgelyke instansie in Pretoria. Wel, dit sal seker nie skade doen om te probeer nie, dink hy. Alhoewel sy geslag, etnisitiet en ouderdom heel moontlik teen hom sou tel. Die aansoek word ingestuur en min of meer vergeet.

Of so het ons gedink.

Goeie man wen 'n onderhoud by beide instansies. Hy word aangestel vir die eerste bevorderingspos waarvoor hy aansoek gedoen het. Hy aanvaar die aanstelling.

Hy word aangestel vir die tweede pos waarvoor hy in Pretoria aansoek gedoen het. Hy aanvaar die aanstelling, wat 'n maand later is.

Nou is my lewe heeltemal deurmekaar. Of dalk nie?

'n Paar weke vantevore moes ek my baas gaan help met iets wat op sy rekenaar gedoen moes word. Op sy e-posse sien ek 'n e-pos wat 'n kollega van my gestuur het, en waarin hy ingesluit is. Die e-pos handel oor iemand wat hulle wil aanstel in ons kantoor. Kollega het die aanvoorwerk gedoen en die nuwe persoon se lof besing. Die laaste sin van haar e-pos slaan my tussen die oë.

"I wish that you will accept this proposal as I do not want to be clustered by white people."

Jy kan bogenoemde interpreteer soos jy wil, maar ek dink jy weet wat ek in my binneste gevoel het. Agterna het ek agtergekom hierdie soort gedrag is maar net, soos die weermag daarvan sou praat, ops normal. Elke werk het so 'n persoon. Party ondernemings het meer as een so 'n persoon. Soms kan diegene reg bestuur word, ander tye nie.

Vir my, op daardie oomblik, het dit gevoel soos ander tye: nie bestuurbaar nie. Ek het die e-pos na my toe gestuur. Nugter weet hoekom, want dit het my vir nagte uit die slaap gehou. Wat het ek aan haar gedoen dat sy so iets moes kwytraak, wonder ek.

Ek en goeie man besluit dat hy vir eers weekliks Pretoria toe sal ry, by sy ouerhuis sal tuisgaan, en naweke weer terugkom huis toe. Miskien kry ek 'n oorplasing en dan is Pretoria Hollands. Of was dit nou weer die Kaap? Nietemin.

My kollega krap my al meer om, en ek verlang te veel na my man. Op 'n goeie dag besluit ek en hy dat ek gaan bedank en ons gaan sak en pak Pretoria toe trek.

My baas was effens verbaas. Niemand het gevra of ek lekker gewerk het nie, niemand het 'n uitgaanonderhoud met my nie. En soos ek al by my drie vorige skole gesien het: niemand bou vir jou 'n standbeeld om jou harde werk, afsloof, emosionele swaarkry en verlies aan tyd te huldig nie.

Die laaste dag ry ek met die bakkie kantoor toe. Al die goeters wat ek saamgebring het van die huis af, moet weer hulle pad vind huis toe. Dieselfde laaste dag is daar 'n groot vergadering waar baie bestuurslede van skole teenwoordig is. Ek gaan sit heel agter in die saal, en hoop dat dit gou sal klaarmaak.

As 'n nagedagte kondig my baas, na afloop van die formele verrigtinge, aan dat dit vandag my laaste dag is. Ek moet opstaan en die see van gesigte draai almal in my rigting. En ek weet dat ek die regte besluit geneem het.

Na afloop van die vergadering kom groet die clustered-kollega my en oorhandig 'n pers serp wat sy vir my gebrei het. Sy besing my lof en bedank my van harte vir wat ook al ek al vir haar gedoen het. En toe dog ek: Revenge is a dish best served cold.

"Dankie vir my serp. Net 'n brokkie raad, vir wat dit werd is. Moenie e-posse stuur waarin jy noem dat jy nie ge-cluster wil wees deur witmense nie. Dis bloot net nie goeie maniere nie."

Haar reaksie: "I will never to something like that." Nou ja.

Met dié verlaat ek die perseel vir die laaste keer.

Ses maande nadat my goeie man in Pretoria begin werk het, trek ek saam met hom.

Die klein Vrystaatse dorpie waarin ek amper 20 jaar gebly het, het geen verkeerslig gehad nie. My ma het altyd gesê dat elke dorp ten minste 'n Pep Stores en 'n Poskantoor het. Ons weet nou dat Poskantore teen die spoed van wit lig toemaak. Maar daardie dorp het nog nooit 'n Pep Stores gehad nie. Net om jou 'n idee te gee presies hoe klein ons dorpie was.

(Durf ek byvoeg dat ek een van my vier verkeersboetes in my lewe in ons dorpie opgedoen het: ek het, soos omtrent al die ander inwoners, nie by 'n stopstraat gestop nie.)

Ek trek saam Pretoria toe sonder 'n werk. Die teenoorgestelde as wat ek altyd predik: jy bedank nie alvorens jy nie 'n ander werk het nie.

Ek vra die Here om asseblief weer vir my 'n werk te gee, maar ek wil net nooit weer in my lewe skoolhou nie. Ek gaan deel my CV by 'n paar skole uit, maar verdwaal so dat ek amper nie weer die pad huis toe kry nie.

Die eerste twee weke in Pretoria huil ek elke dag oor my huis, my kerk, my dokter, my apteker, my vriende en die bekendheid wat ek moes agterlaat. My werk ook, al was dit nie altyd maanskyn en rose nie.

Die volgende twee weke huil ek darem net elke tweede dag. Ek kry 'n deeltydse werk waar ek vir Unisa take merk. Vir die eerste keer in my lewe kry ek 'n sakgeldjie van my man af, omdat ek nie nou 'n ordentlike salaris verdien nie.

Totdat my telefoon na 'n maand lui en iemand my uitnooi vir 'n onderhoud.

Ek vertel jou volgende week verder.

# MONUMENT VAN KMDT DH VAN COLLER

• Quarta Pretorius

David Hercules van Coller is in 1871 op die plaas Broodkop in die Parys distrik gebore. Na sy troue het hy hom op die plaas Boschdraai gevestig. Dit was 'n plaas wat sy vrou Sannie geërf het. Kort na die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog in 1899, en na die terugkeer van die Heilbron Kommando vanaf Natal, het kmdt L P Steenkamp as kommandant bedank. Generaal de Wet het het toe vir David van Coller as kommandant van die Heilbron Kommando aangestel. Dapper en onverskrokke het hy sy kommando tot aan die einde van die oorlog gelei. In 1902 was hy mede-ondertekenaar van die Vrede van Vereeniging. In 1913 is hy en die Heilbron Kommando deur die regering opgeroep om die mynstaking in Johannesburg te help onderdruk. David van Coller was nie net 'n Boere-kommandant nie, maar ook 'n prominente rebellieleier. Gedurende die Rebellie is hy egter gevange geneem en uiteindelik saam met generaal De Wet en ander rebelle-offisiere tot gevangenisstraf veroordeel. Hy is vir 13 maande in die Johannesburgse Fort aangehou. Saam met dr Ramsbottom het kmdt Van Coller fondse ingesamel vir die hospitaal in Heilbron. Hy was dan ook jare lank een van die raadslede van die plaaslike hospitaal. As voorsitter van die Oudstrydersbond was sy heel laaste werk om vertoë te rig aan die regering en hom daarvoor te beywer dat daar vir die oudstryders pensioen uitbetaal sal word. Dit is dan ook toegestaan twee jaar na sy dood. Toe kmdt Van Coller op 10 Maart 1952 oorlede is, het Heilbron een van sy helde verloor. 'n Monumentjie is vir kmdt Van Coller in Kerkstraat naby die koshuis opgerig. Hierdie monumentjie is verlede week deur 'n besope motoris raakgery. Gelukkig is die monument nie beskadig nie. Die groot blou blombak voor die monument is flenters en het gelukkig die motor se spoed gebreek. Ons eer sy nagedagtenis.





# BRIEWE VAN ONS LESERS

*Die volgende skrywe is ontvang van A Grobler, Ringerstraat 47, Heilbron gerig aan die redakteur.*

**Is die probleem water of is dit mentaliteit?**

**Is water lewe of is dit dood?**

Vanaf demokrasie in werking gekom het, het ek ten minste tagtig keer die Munisipale Kantoor besoek. In nederigheid het ek uitgewys dat daar foutiewelik 'n munisipale lesing op my rekening verskyn. Sonder teestand word dit onmidelik reggestel.

Daar is mense wat nie so gelukkig is nie, moontlik omdat hulle dit verkeerd benader. Uiteinde is dat hulle dienste gestaak word en hulle nou van Sonkrag en gas afhanklik is.

Die rekening bly van krag met rente sonder enige voordeel. Die eiendom kan nie verkoop word voor die munisipale rekening vereffen is nie. Skewe hoedjie verskaf wonderlike leesgenot. 'n Klein aanpassing in haar denke sal haar lewenservaring moontlik verander.

# BRIEWE VAN ONS LESERS

*Die volgende skrywe is ontvang van David Grobler Ringerstraat 47, Heilbron, 9650 gerig aan die redakteur.*

"HalleluYAH

Insake: HH, bl3, 02/09/2022 "die bome se takke wat oorgehang het is…"

Weereens dankie vir nog 'n Herald. Dis nou die sewende dag al dat ek top oor die stukkie. Ek wonder of Tannie Hoed ook altyd so bietjie die pen ingelê het met die verbeteringe – en of het sy dit maar net op die kragpunt(powerpoint) gereflekteer het as net nog 'n statistiek? Nou Tannie Hoed moet nie so praat van tyd wat besig is om uit te loop nie! Elke dag kry ons dan tog 'n vars nuwe 24 uur. Soveel getuienisse van mense wat daar bo gekom het en dan teruggestuur is. Vra gerus vir Oom Tampies of Oom Hennie de Winnaar hul getuienisse.

Maar nou eers terug na die artikel. Nou weet ek nie wat ek daarvan moet maak nie. "A picture says a thousand words!" Op die prentjie is dit duidelik dat daar seker meer as 'n honderd ton takke steeds oor die heining hang. Maar die artikel sê dat die oorhangende takke netjies teruggesny is. So is ek toe op die 6de dag van die vorige week terug met die iphone om die raaisel te bespeur. "Seeing is believing" Dis:

A: Sarkasme B: 'n Grappie

C: 'n Profesie wat in die toekoms vervul gaan word

D: "Progression in action"

Persoonlik sou ek koning Edward se nageslag los om hulle eie smurfs te stuur om hul bome terug te sny. Edward hul was gewaarsku dat die gyselaarsdrama vir nog baie geslagte gaan sweer. Al wat nou gebeur is dat party bome selfs hoër gaan groei sodat hul takke se val selfs nog meer verwoestend gaan wees. "The proof of the pudding is in the eating." Wonder hoe die bome gaan lyk die dag as hul 300 jaar oud gaan wees? Elke geval – die terugsny is 'n "tall order"

Die ironie van die saak is – kort na die einde van die gyselaarsdrama kom die Ingilse toe met die volgende voor die dag. "JSP381 Aide Memoire on the Law of Armed Conflict" He, he, he? Ex21:24

Tot wederlees. Groete.

Charlie 1


Openbaring 22:21 Die Genade van Pele Joez, EL Gibbor, Abi Ad, Sar Shalom, ImmanuEL (wat as dit vertaal word beteken, ELoheem met ons) Messias [ook bekend as Jesus Christus] sy met julle almal! Amen. PS: GOTT mit uns!

DaniEL_3:4 Then an herald cried aloud,… Revelation_13:15

Een week asgate, een week padgate, een week watergate (one week Watergate?) X4?

# BEK-EN-KLOUSEER, VIR BOERE GROOT KOPSEER

Met die nuwe verbod op bek-en-klouseer wat die 8ste September in die Gazette verskyn het, sit boere in die Vrystaat en KwaZulu-Natal met hul hande in hul hare. Volgens die Gazette is daar verskeie Munisipaliteite in die Vrystaat geïdentifiseer wat nie mag handeldryf nie. Munisipaliteite soos Ngwathe, Metsimaholo, Mafube, Moahaka, Nketoana, Phumelela, Mantsops, Setsoto, Dhlabeng, Phumelela en Maluti-a-Phofung word nou daarvan weerhou om handel te dryf met enige vee. Dit sluit beeste, skape, bokke asook varke, in. Slagdiere mag slegs na 'n plaaslike abattoir vervoer word mits die diere deur 'n veearts getoets word en 'n veearts-permit het. Jan Hendrik Claassen, bemarker van BKB Louwid, sê dat hulle geen veilings mag hou nie en het ook hul aanlynveilings huidiglik gestaak. Met die samewerking van alle boere in die omgewing en die nakom van die regulasies, hoop boere en werknemers in die veilingsbedryf dat die verbod ook in die Vrystaat gou gelig sal word.




# KLAS VAN 2017



*Hoërskool Heilbron se matriekklas van 2017 volhou by tradisies en het op Saterdag, 10 September 2022 hulle 5 jaar reünie te Skeerstoorkroeg gevier. Daar was 12 matriekleerlinge wat saam gekuier het terwyl verskeie ander verpligtinge gehad het. Groot waardering word getoon vir die wat die reëlings gemaak het om 'n lekker saam kuier geleentheid te verseker.*

# TUINBOU MAAND-VERGADERING

## *Leer meer van Bonsai boompies*

Die volgende Tuinbouvergadering is die 21ste September. Danie Labuschagné praat oor bome en struike en plante wat goed aard in ons streek. Die lede gaan meer leer hoe om Bonsai boompies te plant en te snoei.

Plek: Danie Labuschagné se huis om 10:00




# INBRAKE NEEM TOE



'n Vlaag inbrake het in die oggendure van Woensdag 14 September plaasgevind, vermoedelik tydens beurtkrag. Die vier besighede wat deurgeloop het, Sr Lah Health Services, Leseli HealthCare, T&B Spice Shop asook Grant's Dairy se eienaars het hul winkels die oggend in 'n vreeslike toestand gevind. Slotte van die besighede is oopgebuig en deure is oopgebreek. Verskeie items is gesteel soos "speedpoints", vleis en ander goedere. By Grant's Dairy is daar ook heelwat vuurhoutjies gevind wat die skurke gebruik het om tydens beurtkrag lig te verskaf. Die eienaar van T&B Spice Shop het ook vertel dat tydens die inbraak kerse van die winkel gebruik is om lig in die winkel te maak. Die hardeskyf van die kamera is ook gesteel wat beteken dat daar geen kringtelevisie is om die oortreder te identifiseer nie. Alhoewel daar nie by T&B Spice Shop enige kringtelevisie is nie, is daar wel by 'n nabygeleë besigheid beeldmateriaal van die verdagte op hul kameras gevind. Daar is was ook verlede week gedurende werksure 'n poging tot diefstal by Ackermans. Daar word beweer dat die dame 'n bedrag van R9200 se onderklere probeer steel het. Die publiek word gewaarsku dat misdaad moontlik sal toeneem gedurende beurtkrag en daar word versoek dat besighede hul sekuriteit moet opskerp.

# HIERS DIT NOU! BOER SOEK 'N VROU




*Heilbronners kon nie hul oë glo toe die Boer- soek- 'n-vrou voertuig 'n draai in ons klein dorpie kom maak het nie. Alhoewel die drywer van die voertuig nie enige inligting mag gee nie, kon jy jou eie afleiding maak toe die pragtige dames uit die kar klim. Waarheen hulle reis is onseker, maar of daar 'n gelukkige boer in Petrus Steyn is, sal net die tyd leer.*

# HEILBRON FYNPROEWERS KUIER GESELLIG SAAM

Op Vrydag, 9 September was dit weer tyd vir die Heilbron Fynproewers om bymekaar te kom. Hierdie keer was die tema Chinese Braai.

So saam met die beurtkrag van twee ure lank het die klomp lekker rondom die gasbraaiers saamgekuier en gebraai. Die jaar stap ook nou vinnig einde se kant toe. Die volgende byeenkoms in November sal die jaarlikse Kersete wees.




# REITZ LEERDERS PRESTEER



*WOW SPELFEES: Die volgende leerders van Hoërskool Reitz het deurgedring na die Vrystaat-Kompetisie wat 14 September by Sentraal Hoërskool plaasvind. Gr. 5 Engels: 1. Ewald Smith, 2. Isak Hills, 3. Jayden Myburgh, 4. Snethemba Thabethe, 5. Caleb van Tonder. Gr. 6 Afrikaans: 1. Aiden de Beer. Gr. 6 Engels: 1. Thoriso Mokoena, 2. Jancu Steyn, 3. Quinton du Toit, 4. Divan Dorfling, 5. Hardus du Preez. Gr. 7 Engels: 1. Affri Mursed, Gr. 8 Afrikaans: 1. Jocelyn van Tonder. Gr. 9 Afrikaans: 1. Akhona Mabe, 2. Nelmari Theron. Gr. 9 Engels: 1. Zanell Dorfling. Gr. 10 Afrikaans: 1. Elné Engelbrecht, 2. Tammy Smith.*



*TENNIS: Louise van der Merwe, Lisa Hills en Johanne Neethling van Hoërskool Reitz eindig 8ste uit 20 skole in die Inter Africa/ Limodo Hoërskole toernooi as deel van die Inter Africa.*



*PERDRY: Lizelle Cilliers, leerling van Reitz, verwerf twee goue en twee brons medaljes by die KwaZulu-Natal Perdry Kampioenskappe.*



*SPEELTONEEL - ABS Produksies Danickah Jeffery van Hoërskool Reitz is gekies om saam met Desire Graden, Vilje Maritz en Izak Davel in 'n kortfilm te speel. Die film word geskiet in September en sal aan die einde van die jaar uitgesaai word op die Via-Kanaal.*

# BRONNIE ATLETE PRESTEER



*0/9 krieket span van Hoërskool Heilbron wen met 42 lopies teen Parys. Op die foto voor vl: Jano Carfford en Jurgens Botha. Tweede ry: PJ Meiring, Henré Weilbach en Diaan Briers. Agter: Armand Kruger, Stiaan Boshoff, Mnr Kallie Merwe Els, Mnr Uaiden Schoeman, AC Zitzke en Perez Schoeman.*



*Ons laerskool senior tennis seunspan wen 30-25 teen Fonteine.*



*Die o/11 Krieketspan van Hoërskool Heilbron wen met 42 lopies teen AJ Jacobs.*



*Die 0/11 en 0/13 hokkiespanne van Hoërskool Heilbron speel gelykop teen Laerskool Fonteine se B-spanne. Op die foto bo vl: Christi Boshoff, Kaitlyn Potgieter, Carolandie de Nysschen, Bea-May Nel, Tenique Ruiters, Zané van Zyl, Jeanette Victor en Muela Cilliers.*

# KLEUTERKASTEEL VIER LENTEDAG

## *Met beertjies en blomme*







*Die kinders by Kleuterkasteel Heilbron het Lentedag lekker gevier saam met hul beertjies en blomme!!*

OPSOEK NA
KERSMARK UITSTALLERS
Alle kersmark uitstallers word uitgenooi na DeKamp Gasteplaas vir ons uitstalling in 'DeStoor'.
5 NOVEMBER 2022
BESPREEK NOU JOU UITSTALRUIMTE:
tronel@dekampguest.co.za
082 824 5606
DeKamp

ESTHÈ MULLER INC
ATTORNEYS | PROKUREURS | BABUELLI
Contact us for professional, reliable and effective service in the following fields:
Kontak ons vir professionele, betroubare en effektiewe diens met betrekking tot die volgende:
- Contracts / Kontrakte
- Transfer of Property / Oordrag van Eiendomme
- Registration of Companies / Registrasie van Maatskappye
- Wills, Estates and Trusts / Testamente, Boedels en Trusts
- Divorces / Egskeidings
- Collections / Invorderings
- Correspondent work / Korresondente werk
- Civil Litigation / Siviele Litigasie

Contact us on: 083 267 9559 / 058 852 2041
E-Mail: pieter@esthemuller.co.za / esthe@esthemuller.co.za
Address: 47 Els Street, Heilbron

CH Tombstones & Granite Works
Countertops & Tombstone Factory
Granite * Marble * Quartz
082 318 8299

# KENNISGEWINGS

## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of
**DEED OF TRANSFER T904/1975**
**Passed by: JOHANNES PETRUS ROSSOUW, GEBORE OP 5 AUGUSTUS 1937**
In favour of: **CHRISTIAAN DE NECKER DE JAGER, ID NR 350210 5024 08 9**
In respect of: **ERF 504 FRANKFORT, DISTRICT FRANKFORT, PROVINCE FREE STATE**
which has been lost or destroyed. All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at 85 Nelson Mandela Drive, Bloemfontein within two weeks after the date of the publication of this notice.
**APPLICANT:**
**WILHELMUS BURGER**
**ADDRESS:**
**HELMUT BURGER PROKUREURS,**
**18 KERK STREET, FRANKFORT,**
**REF ED0003**
**EMAIL ADDRESS:**
**helmut@lantic.net**
**CONTACT NUMBER: 058 813 40**

## KENNISGEWING AAN DEBITEURE EN KREDITEURE

In die boedel van wyle **MATILDA ROUX CRONJE, IDENTITEITSNOMMER 321202 0005 086,** wat getroud was en woonagtig was te Huis Sorgvry, Reitz, provinsie Vrystaat, wie oorlede is op 22 April 2021, **boedelnommer 009766/2021**.
Krediteure in genoemde boedel word hiermee aangesê om binne 'n tydperk van 30 (dertig) dae hul eise teen die boedel in te stel en debiteure word versoek om hul skulde binne genoemde tyd te betaal.
**JG POTGIETER & VENNOTE INGELYF**
**BREËSTRAAT 33**
**POSBUS 199**
**HEILBRON, 9650**
**GEREGISTREERDE OUDITEUR**

## TE RUSTE GELÊ



† Rina Olivier van Huis Bron-van-Heil is die 10de September oorlede in die ouderdom van 92 jaar. Haar troosdiens was vandag om 10:00 by Huis Bron-van-Heil. Sy laat na haar kinders, kleinkinders en agterkleinkinders.

## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of
**DEED OF TRANSFER T10907/1974**
**Passed by: MARIA MAGDALENA WENTZEL, GEBORE STEYL OP 22 JANUARIE 1908**
In favour of: **CHRISTIAAN DE NECKER DE JAGER, ID NR 350210 5024 08 9**
In respect of: **ERF 500 FRANKFORT, DISTRICT FRANKFORT, PROVINCE FREE STATE** which has been lost or destroyed. All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at 85 Nelson Mandela Drive, Bloemfontein within two weeks after the date of the publication of this notice.
**APPLICANT:**
**WILHELMUS BURGER**
**ADDRESS:**
**HELMUT BURGER PROKUREURS,**
**18 KERK STREET, FRANKFORT,**
**REF ED0003**
**EMAIL ADDRESS:**
**helmut@lantic.net**
**CONTACT NUMBER:**
**058 813 4006**

## KENNISGEWING AAN DEBITEURE EN KREDITEURE

In die boedel van wyle **SARAH JOHANNA BECKER, IDENTITEITSNOMMER 360830 0006 084,** wat ongetroud was en woonagtig was te Reitz, provinsie Vrystaat, wie oorlede is op 22 Junie 2022, **boedelnommer 007035/2022**.
Krediteure in genoemde boedel word hiermee aangesê om binne 'n tydperk van 30 (dertig) dae hul eise teen die boedel in te stel en debiteure word versoek om hul skulde binne genoemde tyd te betaal.
**JG POTGIETER & VENNOTE INGELYF**
**BREËSTRAAT 33**
**POSBUS 199**
**HEILBRON, 9650**
**GEREGISTREERDE OUDITEUR**

## KENNISGEWING VAN TER INSAELEGGING

In die gesamentlike boedel van **DANIEL CORNELIUS ELS, Identiteitsnommer 600302 5083 08 8,** wie getroud was binne gemeenskap van goedere met **HILDA ELS, Identiteitsnommer 591223 0016 082,** in lewe 'n pensioenaris van Vyfdestraat 15 Heilbron.
**BOEDELNOMMER: 004157/2022**
Hiermee word kennis gegee dat die Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening in bogemelde boedel by die kantoor van die Meester van die Hooggeregshof in Bloemfontein en by die kantoor van die Landdros te Heilbron vir 'n tydperk van 21 dae vanaf datum van publikasie hiervan ter insae sal lê.
**PHILLIP VAN DER MERWE & VENNOTE ING.**
**EKSEKUTEUR**
**ELSSTRAAT 47, POSBUS 58**
**HEILBRON, 9650**
**VERW: PPvdM/ne**

# TE KOOP

**VOER TE KOOP**
**Kontak**
**Botha Mouton**
**083 688 8256**




BAAL / SNY & BAAL ...
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685 Heilbron
R




**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**



**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

www.vleissentraal.co.za
VLEISSENTRAAL

**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**
R

HOU ONS DORP SKOON!!

# SMALLS

# EIENDOMME

**VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME**
**Vir die beste transaksies en diens**
Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes 083 308 9159

**WINKELURE**
**MAANDAE - DONDERDAE:** 07:30 -17:00
**VRYDAE:** 07:30 - 16:30
**SATERDAE**: 08:30 - 13:00
**Elsstraat 44 • Heilbron • Tel: 058 852 3033**

# TE HUUR


**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**
Geskik vir ongeveer 70 mense.
Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Hannalie Claassen**
**079 040 0531**

**BIBLIOTEEK OOP**
***Piercestraat 66 • Heilbron***
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

**Indien u enige nuus vir die Heilbron Herald het kontak**
**HENDIE LÖTTER**
by
Tel: 058 852 3033
heraldnuus@heilbron.co.za

**JCJ SWEISWERKE**
**Kerkstraat 19, Koppies**
Ons doen alle sweiswerke, groot of klein.
**Tel: 082 967 3496**
**Whatsapp: 076 888 5739**

**BLOEDSKENK-DATUMS - 2022**
**27 September 2022**
**29 November 2022**




# VAKANTE POS BESKIKBAAR

Die volgende pos is beskikbaar by Dr's Spies en Van Stryp in Heilbron.

**ONTVANGSDAME / ALGEMENE KANTOORDAME**

Vereistes: Aangename persoonlikheid en geduld
Rekenaarvaardigheid is verpligtend
Matriek as minimum kwalifikasie
Aansoeke word ingewag en CV's kan by spreekkamer ingehandig word te Elsstraat 47, Heilbron.
**Sluitingsdatum vir aansoeke: 23 September**




**POSTNET HEILBRON**
**BESIGHEIDSURE**
**Maandae - Vrydae:**
08:00 -16:30
**Saterdae:**
09:00 -12:00
***Elsstraat 42, HEILBRON***
***Tel: 058 853 0006***

**BESOEK ONS VIR AL U SKRYFBEHOEFTEBENODIGDHEDE**
Elsstraat 44
Heilbron
TEL: 58 8523033



**Koppies Internet**



Vinnige Wireless Internet, installasies en diens, beskikbaar in Koppies en naby geleë plase.
Kontak ons vir enige navrae of bystand:
068 338 2916

**ROTTWEILER PUPPIES**
Rottweiler puppies for sale. Pure bred. Available from 2022/08/17 (8 weeks). Inoculated, dewormed and Vet checked
**076 212 1474**

# TE KOOP

**JACK RUSSELL PUPPIES**
Jack Russell puppies for sale. Pure bred. Available from 2022/10/01 (8 weeks). Inoculated, dewormed and Vet checked
**076 212 1474**

**GREAT DANE PUPPIES**
Grate Dane puppies for sale. Pure bred. Available from 2022/08/17 (8 weeks). Inoculated, dewormed and Vet checked
**076 212 1474**

# GEKLASSIFISEERD

**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk,**
**Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5 | Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Silma** herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)
**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort , Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**

***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

# HERALD Sport

## OH vs OJ - DIE STRYDBYLE IS UIT

Die jaarlikse BASF Ryder Cup tussen Heilbron en Frankfort word volgende week beslis. Hierdie jaar is Frankfort die gasheer en Heilbron moet die titel daar gaan verdedig. Frankfort het laat weet dat die Heilbronners dit nie maklik gaan hê nie. Heilbron het Vrydag en Saterdag nie-amptelike oefenrondtes beplan en daar gaan selfs 'n paar manne op Frankfort speel om hulle te vergewis van speltoestande daar.



Gerrie Muller het Saterdag sy swaai uit die regte kas gehaal en wen die plaaslike kompetisie met 39 punte, tweede was RJ Muller met 33 punte. Saterdag is dit weer HBA maandbeker en sal daar ook vleispryse te wen wees en na afloop van spel ook braaipakke wees wat deel is van jou inskrywing. Die Joker Draw sal ook Vrydagaand gehou word. Saterdag se spel begin om 11:00 en kan jy reeds inskryf vanaf 10:30.

2023 DAGBOEKE NOU BESKIKBAAR BY
Herald Office National
ELSSTRAAT 44 , HEILBRON
TEL: 058 852 3033

ANTRIO Dry Cleaners & Laundry
Dry Cleaning , Laundry And Minor Shoe Repairs
C/O PLEIN & CILLIERS STREET
082 344 7005
016 976 2019
WE COLLECT AND DELIVER INDUSTRIAL

Homeopatie vir AKNEE
Effektiewe behandeling van aknee kan deur homeopatiese medikasie bereik word. Die vorm van behandeling fokus op die oorsaak en 'n algehele gesonde vel.
Daar is hoofsaaklik 2 tipes aknee: Nie-inflammatories soos wit- en swartkoppies, en inflammatories soos papules, pustels, knoppies en siste.

## EENSAAMHEID BY ROLBALKLUB



*Op die foto voor vl: Hannalie Claassen, Henriehett de Waal, Sonja Muller. Agter vl: Edward Muller, Gerald Rademeyer, Elza Kriel en JC Pretorius.*

Met die rolbalbaan wat nog nie gereed is vir spel nie, is daar maar baie eensame spelers. Die Saterdagmiddae is maar moeilik met die Blitsbokke wat nie so goed gedoen het nie en ook die Springbokke teen die onvoorspelbare Argentyne. 'n Middag op die rolbalbaan sou dalk baie lekkerder gewees het.

Met die gras wat besig is om mooi deur die deklaag van die kompos en sand te beur, behoort die baan gereed te wees vir die Besigheidsliga wat op Donderdag 29 September afskop.

Die klub se algemene jaarvergadering is verlede Donderdag gehou, en die nuwe bestuur is vol energie vir die nuwe rolbalseisoen wat voorlê.

Voorsitter: Edward Muller. Vise-voorsitter: Gerald Rademeyer. Sekretaresse: Hannalie Claassen. Tesouriere: Henriehett de Waal.

Addisionele lede: Elza Kriel, Sonja Muller en JC Pretorius.

Tydens Noord-Vrystaat se algemene jaarvergadering het Tracy Jacobs die toekenning ontvang as naaswenner van NVS se dames enkels kompetisie.

Heilbron Rolbalklub se Hannalie Claassen is ook aangewys as Valsrivier Subdistrik se Victrix Ludorum. Bykomend tot hierdie prestasies het die span van Hannalie Claassen, Amelia Galatis, Henriehett de Waal en Lina Nel ook Valsrivier dames viere kompetisie gewen. Uitstekende prestasie deur die Heilbron dames. Waar was die mans??

OESVERSEKERING
JY IS DIE KENNER IN DIE LAND
ONS IS DIE KENNERS IN VERSEKERING
SHORT TERM TRUST BROKERS · MAKELAARS
016 931 2686 | 058 853 0071
Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer FSP 43384

VLEISSENTRAAL
DIE BESTE BOD
BESTUURDER
P.J. Müller 060 966 9340
AFSLAER
Ian Grobbelaar 060 965 6207
Frankfort/Roadside/Cornelia
Corjan de Jager 079 506 8777
Frankfort/Cornelia/Oranjeville/Roadside
Fanie vd Merwe 082 494 3127
Tweeling/Reitz/Petrus Steyn/Frankfort
David Gerber 082 489 7424
Villiers/Cornelia/Grootvlei
Fanie vd Merwe (junior) 061 180 6802
Villiers/Cornelia/Grootvlei
Pula Giliomee 082 788 5338
Heilbron/Edenville/Oranjeville
Hugo Groenewald 082 569 7205
JJ HADEBESTRAAT 97 FRANKFORT (Langs Bright Dienste)

BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou
Die komende week se BELANGRIKSTE veilings
MAANDAG - 19 SEPTEMBER 2022
BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443
DINSDAG - 20 SEPTEMBER 2022
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314
VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088
AMERSFOORT: DUBBEL X SAVM STOET 11:00, Schuilplaas
Kontak Erik Heymans 083 264 5177
WOENSDAG - 21 SEPTEMBER 2022
NORMANDIEN Twee-maandelikse veiling
Kontak Wynand Lens 082 329 0227
DONDERDAG - 22 SEPTEMBER 2022
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Roelof Heenop 082 342 1992
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
FICKSBURG Maandelikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855
VRYDAG - 23 SEPTEMBER 2022
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Marnus Becker 082 873 2002
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049
www.bkb.co.za
BKB Louwid 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkblouwid.co.za